Die Lantern

Gereformeerde Kerk Potchefstroom Die Bult

Jaargang 1 #30 21 Oktober 2012

09:30 Oggenddiens

Ds Fanie Coetzee

Tema: Huwelikslewe wat getuig

Sing: Ps 136-2 (Beurtsang)
Sing: Ps 136-2:7,8 (Kinderbegeleiding)
Sing: Lied 530
Skriflesing: 1 Petrus 2:11-2, 3:1-12 **Teks:** 1 Petrus 3:1-7
Sing: Sb 18-3:8,9
Sing: Ps 128-2:1,2 en 128-1:4
Amen: Sb 13-3

11:30 English Service

Rev Willem Steyn

Theme: God gives you peace in your situation today
Scripture reading: Jeremiah 29: 1-14 **Text verse:** Jeremiah 29: 7, 11

18:00 Aanddiens

Ds Willem Steyn

Tema: 'n Roeping,'n erfenis en die krag van God – is ons deel in Christus.

Voorafsang

Loof ons Koning en ons Redder

Lied 202: 1-3
Prys Hom die Hemelvors
Lied 203: 1-4
Loof die Here al wat lewe
Lied 154:
Kom nou tesaam

Sing: Ps 149-1: 1, 2
Sing: Ps 25-1: 2
Skriflesing: Efesiërs 1
Teks: Efesiërs 1: 3, 18-19
Sing: Sb 17-2: 5, 7
Nagmaal
Sing: Sb 1-1: 1, 7
Amen: Sb 13-1

Kontak ons

Kerkkantoor 018-297-4843 (tel)
086-750-5339 (faks)
e-pos: gkbult@gmail.com
webblad: www.gkpotchbult.co.za

Ds Fanie Coetzee: 082-520-5168
fanie1coetzee@gmail.com
Ds Willem Steyn: 082-854-3587
steyn.willem@gmail.com

Kuierhoekie

Elizabeth Steenekamp

deur
Sanja-Rika van Rooyen

Vriendelik, stylvol en gemaklik is slegs enkele eienskappe van Elizabeth Steenekamp wat ek opmerk toe ek by die deur met 'n warm glimlag ontvang is. Elizabeth is 'n Potchefstromer in murg en been en het skool gegaan by Laerskool Baillie Park en Hoërskool Gimnasium. Haar ouers, ook getroue lidmate van Gereformeerd Bult, het al die jare op Potchefstroom gebly waar Elizabeth se pa, Orton Becker 'n veearts op die dorp was en haar ma, Nieta 'n tuisteskepper en die ma van twee dogters en twee seuns.

Elizabeth is al 21 jaar getroud met S.J. Steenekamp wat sy op Universiteit ontmoet het as eerstejaar in Dinki Dameskoshuis. Elizabeth het BCom Kommunikasie op die Pukke geswot en S.J. BsC Plant-en Dierkunde. S.J. was die destydse Primaria van Caput koshuis dié jaar wat hy vir Elizabeth ontmoet het. Dinki Dameskoshuis het met Caput gesleep en hierdie prim kon net nie sy oë afhou van hierdie pragtige eerstejaarsdame van Dinki nie, daarom vra hy haar om saam hom dinee toe te gaan en so blom 'n besonderse liefde.

In 1991 trou Elizabeth met S.J en drie pragtige kinders word gebore uit hierdie wonderlike huwelik: Cornita, die oudste wat tans matriek is in Gimnasium; Gerhard wat Gr. 9 is ook in Gimnasium en klein Magdeli wat nou Gr.6 is in Laerskool Mooirivier.

Elizabeth het na haar studies in BCom Kommunikasie haar Hoër Onderwys Diploma in kleuterskool onderwys aan Unisa verwerf, waar sy daarna vir tien jaar skool gegee het by Woel en Werskaf. Tans behartig sy die sake by die huis en ondersteun haar man in sy besigheid, AgreenCo, wat spesialiseer in die rehabilitasie van mynhope.

Elizabeth is aktief betrokke by die gemeente as kategese-onderwyseres vir die Gr.1's en help uit by die gemeente se jeugbediening. Wat 'n voorreg was dit om so formidabele vrou te ontmoet, wie se hande vir niks terugstaan nie. Die gemeente is bevoorreg om die Steenekamps as lidmate te hê. Ons sien uit om saam met julle as mede-dienaars van God die pad vorentoe saam te loop.

TOERUSTINGSGELEENTHEID SAAM MET PROF DAVI GOMEZ VAN DIE Igreja Presbyteriana doBrazil (IPB)

Ons is bevoorreg om vir prof Davi Gomez tydens sy besoek aan Suid Afrika hier in Potchefstroom te kan ontvang. Hy is bereid om saam met ons te vergader om toerusting te gee en sy insigte met ons te deel.

Hy het tydens die onlangse sinode van die GKSA in Januarie die sinode op 'n begeesterde wyse toegespreek oor die groei van die Gereformeerde kerke in Brasilië. Die Sinode het gehoor van die kragtige groei van die gereformeerde kerke in 'n land wat bekend staan as 'n Rooms Katolieke land en van sending wat met baie groot seën dwars oor die wêreld gedoen word.

Die IPB het tans ongeveer 1 miljoen lidmate, 6400 predikante, 8 teologiese skole en een nagraadse sentrum vir predikante – 'n sentrum met wie ons Teologiese Skool DV aan die einde van die maand 'n ooreenkoms sluit. Die IPB het dieselfde jaar as die GKSA tot stand gekom – 1859.

Op Woensdagaand om 18:30 is daar 'n oop uitnodiging aan al die lidmate van die gemeentes om saam na hom te kom luister. Die geleentheid vind plaas in ons kerkgebou.

G5

Kom kuier saam in die G5 Elke Woensdag vanaf 18:00 en Sondae na die erediens in die G5 koffiekamer agter die kerksaal. Kom geniet goeie geselskap, met beter koffie.

Sien JOU daar!

BULTUITREIK

Lidmate word uitgenooi om Woensdagaand om half 7 by die Koffiekamer bymekaar te kom vir kort voorligting voordat ons so vir 'n driekwartier op die Bult gaan waarneem en luister. Daarna kom ons weer bymekaar vir terugvoer en om iets ligs saam te eet. Ons beplan om rondom 8 uur klaar te wees. Kom en kom sit jouself fisies op die Bult neer.

Eendag lank, lank gelede...

In dié hoekie gaan daar elke week vir jou geleentheid gegee word om jou inspererende Bult storie te vertel. Wat het jy onlangs beleef? Het jy al 'n verhouding opgebou met 'n Bult vreemdeling? Ons wil daarvan weet! Kontak Hanri by 084 734 3143

STUDIESENTRUM

Die kerksaalkompleks word weer vir die eksamentyd (vanaf Vrydag 26 Oktober tot Woensdag 14 November) in 'n STUDIESENTRUM omskep. Dit is 'n geleentheid waartydens ons die fasiliteite van die Here aan studente wil beskikbaar stel en die liefde van die Here op die manier wil bewys.

Lidmate kan op die volgende maniere betrokke wees:

• BID dat die Here die projek sal seën en dat ons die geleentheid vir gesprek en liefdesdiens sal raaksien.

• Kom neem 'n DIENSBEURT of twee waar. Jy het geen spesialiskennis nodig nie. Jy sal die keer 'n T-hemp ontvang om te dra sodat jy uitgeken kan word. Al wat jy moet doen is om toe te sien dat die koffiekamer in goeie orde is en verder net daar te wees indien iets nodig is. Bring 'n boek of jou rekenaar saam en kom werk sommer self hier.

• Maak asb REKLAME vir die aksie. Daar sal vandag pamflette in die portale beskikbaar wees wat julle in julle werksplek of waar ook al kan versprei. Neem gerus daarvan en sprei die goeie nuus uit.

DIAKONIE

Die diakonie gaan op 'n pad waar hulle al hoe meer die lidmate van die gemeente wil gebruik vir die dienswerk in die gemeente. Bestaande dienste word uitgebrei en nuwe diensgroepe word gestig. Binnekort sal hulle meer inligting hieroor verskaf. Dink solank by watter van die volgende jy moontlik betrokke sou wou raak. Voorbeelde hiervan is:

- Vervoer van lidmate na eredienste
- Hulp met die kollekte opneem tydens eredienste
- Dienshulp tydens Nagmaal
- Siekebesoeke
- Hulp met gemeentefunksies
- Bediening aan senior-lidmate

Indien jy nou reeds wil betrokke raak kan jy met André van der Walt (082-886-9386), wat tans voorsitter is, skakel.

Ons bid vir Sendingwerk in Burundi

Tim van Aarde, 'n oudlidmaat, doen al meer as vier jaar sendingwerk in Burundi.
Hy was 'n baie onwillige sendeling vir Afrika. Sy kollega en vriend wat hier in Potch by hom loseer het, het hom egter oortuig dat die nood in Burundi groot is, na hulle burgeroorlog en 'n Bybelskool baie nodig is. Hy het ook van die Here bevestiging ontvang toe Here hom die teks van Eksodus 32:14 gee: "My teenwoordigheid sal met jou gaan."
Intussen het Tim opleiding by die Veritas Bybelkollege ontvang om sendelinge op te lei. Hulle vertaal ook die Bybel in die Burundese taal, want baie mense verstaan net hulle moedertaal.
Gedurende Junie het hulle geseënde byeenkomste in sewe plekke gehou. Die plekke is geïdentifiseer op grond van waar die grootste wonde na die burgeroorlog gelaat is. In 3 weke moes hulle die veldtog organiseer nadat Furgus Buchan laat weet het hy nie meer kan kom nie, en hy sou al die toerusting saamgebring het. Op wonderbaarlike wyse het die Here voorsien. Die president van die land was met verlof en sy klankman het aangebied om die beste klanktoerusting te voorsien. Genoeg geld vir die ondersteuning is betyds gevind. Jeanette se ouers moes ingevlieg word om te help om na hulle dogtertjie om te sien, want Jeanette moes die sang lei. Daarvoor is op die regte tyd die presiese bedrag ontvang. Jeanette het ook die steun gekry van 'n sanger wat sy hulp kom aanbied het. Dit het die sang net verbeter. Hulle het op elke plek die Jesus-film vertoon, gepreek, gebid en individuele gebedsondersteuning vir die mense gegee wat mekaar moes vergewe waar hulle mekaar se families doodgemaak het. Hulle het so meer 16 000 mense bereik en ongeveer 3000 het hulle lewens aan die Here gegee. Predikers is opgelei om die nuwe gelowiges in hulle kerke te verwelkom.
Die mees belangrike wat hieruit geleer is, is dat God enigeen kan gebruik wat gewillig is om Hom te vertrou en in geloof Hom te volg. Dank die Here vir hierdie gelowiges op die voorposte wat die oorlog vir Hom voer en sy liefde uitdeel.
Bid vir hulle:

- Vir die aanbied van hul kursusse in twee van die mees verwoeste voorstede in Bujumbura.
- Vir die voortsetting van opleiding van predikers en die reise op gevaarlike en ver paaie
- Vir Ruben Safari wat die leiding gaan oorneem by die opleiding van predikers
- Vir Tim wat in November lesings gaan ge by die Leadership University
- Vir die gasspreker wat in Oktober daar gaan lesings gee
- En die besoeke van die Vertas-span in Oktober

Vanaand het ons 'n spesiale kollekte by die deure vir die Sendingwerk in Burundi.

Blapse in kerkblaadjies

Moenie dat bekommernis jou doodmaak nie. Laat die kerk help.

LAASTE KANS

GKSA Almanak

Vandag is die laaste kans om jou bestelling deur te gee vir 'n Almanak van die GKSA vir 2013. Skryf jou naam op die lys in die portaal. Die kerkkantoor sal die bestelling deurgee en u in kennis stel as dit ontvang is. Die kerkkantoor gaan nie ekstra Almanakke bestel nie, maar daar kan enige tyd by die GKSA se Admin Buro ook 'n Almanak aangekoop word.

Teeskinkbeurte

Vandag
KG 9 & Wyk 27 (Elsa Els & Ansie du Plessis)
Volgende Sondag
KG 10 & Wyk 28 (Petro Steyn & Retha van Wyk)

Baie dankie!

Dit is nie nodig om die koppies vir die Engelse diens se lidmate te bêre nie – hulle drink koeldrank in die Somer.

Kuier-saam-ontbyt-bederf

Kom geniet 'n heerlike ontbyt-bederf
Sommer op die kerksaal se eie erf
Saterdag 24 November is die dag
Ons begin al vroeg, ja sommer net na ag.
R30 is al wat jy moet betaal
Vir koffie en ontbyt op die stoep van die saal.
Bespreek by jou diaken* sodat ons darem kan weet
Vir hoeveel mense ons eiers sal moet afmeet.
Die ontbyt is vir almal so, kom geniet die bederf
Ek sê weer dis sommer hier op ons eie kerksaal se erf.

** Jy mag ook by die kerkkantoor laat weet*

Pret vir al die Katkisante!!!!

24 November net na die ontbyt
Kom die kinders bymekaar van noord en van suid.
Want dan gaan ons kuier op die kerksaal se erf
En die kinders word met heerlike pretgoed bederf
Van **10 tot 1** kan julle daar kom speel
Ons gaan lekker eet en gly en kyk wat die studente alles kan reël
So, al die kinders van **laerskool** tot **matriek**
Kom speel en kuier en eet tot die horlosie 1 uur tiek

Liefdegawes
by die deure

21 Oktober:
Oggend: Ikageng Sending
Aand: Burundi Sending
28 Oktober:
Oggend: Bybelverspreiding
Hervormingsdiens by Cachet

Kamers / Woonstelle gesoek

'n Eerstejaar mansstudent vir 2013 is op soek na 'n kamer met 'n badkamer vir volgende jaar. Dit hoef nie spesifiek naby aan die Puk te wees nie. Skakel asseblief met Minnie Venter (076-651-6504).

'n Pligsgetroue mansstudent in sy 2e jaar is op soek na 'n kamer vir volgende jaar. Dit moet verkieslik naby die Puk wees, en in die omgewing van R2000 per maand kos. Skakel gerus met Alta de Backer (082-450-8754).

JC Potgieter, 'n 23 jarige student van Londen, begin volgende jaar Teologie studeer. Hy het reeds 'n graad in Wiskunde by Cambridge universiteite en is tans opsoek na bekostigbare blyplek naby kampus vir 2013. Indien enige iemand weet van enige blyplek of 'n beskikbare woonstel in hul erf het, kontak Renette van der Walt by 072 448 1498.

Molen Kórus Jaarkonsert

Die Potchefstroomse volwasse kamerkoor, Molen Kórus, hou eerskomende Donderdagaand, 25 Oktober, hul jaarlikse plaaslike konsert vanuit ons kerkgebou. Kom bederf jou ore met goeie koormusiek wat strek van Bach tot Koos du Plessis. Die konsert begin om 19:00 en toegang is gratis.

Liturgiese Werkgroep

Die Liturgiese Werkgroep vergader gereeld om gesprek te voer oor die betekenis en die toepaslike gebruik van die die verskillende Liturgiese momente in die samekoms van die gemeentelede van en in die kerk van Christus. Die hele gemeente word uitgenooi om deel te neem aan die gesprek wat 4 keer per jaar plaasvind en nou weer op **Maandag, 22 Oktober 2012** om 19:00 tot 20:30 by die Kerksaal (G5 Koffiekamer). Ons sal alle insette en voorstelle waardeer en dit kan deurgegee word aan Fransa by die kerkkantoor of Lou van Wyk by louvw@intekom.co.za / 084-520-1086. Kom neem asb deel aan hierdie betekenisvolle en insiggewende gesprekke.

Verjaarsdae

Vandag, 21 Oktober
Wilhelm van Belkum
Wyksgroep 08 083-626-9189

Maandag, 22 Oktober
Dries du Plooy
Wyksgroep 31 082-921-4885
Juliette Kayayan 13
Wyksgroep 11 071-471-7762
Ina van der Walt
Kleingroep 07 084-700-7034

Dinsdag, 23 Oktober
Grieta Henning 95
Wyksgroep 29 018-294-6268
Deon Kondos
Wyksgroep 29 072-172-6742
Natalie van der Merwe
Wyksgroep 10 082-773-5294

Woensdag, 24 Oktober
Simoné Hauptfleisch
Wyksgroep 19 084-065-9953

Donderdag, 25 Oktober
Hans Botha 86
Wyksgroep 02 079-126-2620
Susan Potgieter
Wyksgroep 13 018-290-9316
André van der Walt
Kleingroep 06 082-886-9386
Emmie van der Walt 84
Wyksgroep 32 018-294-5992

Saterdag, 27 Oktober
Casper Lessing
Wyksgroep 23 018-297-3218
Dennis Schoeman
Wyksgroep 12 082-886-5564
Pierrie Venter
Wyksgroep 03 018-294-3679

Meelewing

Tannie Ina van der Walt sukkel met haar gesondheid en is na die siekeboeg van Huis Eikelaan (018-293-0118) verskuif. Ons bid vir haar in die aanpassing wat dit meebring.
Lucas Venter (082-684-9087) het 'n operasie ondergaan wat goed afgeloop het. Ons bid om volkome herstel en geseënde behandeling wat volg.
Ben Strydom (018-294-5411) het die slegte nuus ontvang dat die gewas op sy longe kwaadaardig is. Hulle het besluit om nie met behandeling voort te gaan nie. Ons bid hulle die seën en nabyheid van die Here toe.
Klein **Jana Vorster** moes weer 'n bloedoortapping ondergaan. Ons bly aan haar en haar gesin (Anzelle: 082-495-6172) dink wat saam met haar die pad in die gebroke werklikheid loop.

GROEP 35-55

Die lankbeloofde kuier is om die draai.

Onthou 28 Oktober?

'n Lekker kuier by
GP en Hesmé Schoeman!
Bring eie-alles en
onthou vleis, 'n bykos
en stoele is noodsaaklik.
As jy wonder,
bel Elizabeth
Steenekamp
by 083 452 2816

Moet dit nie mis nie!

EKSAMENS!

Ons bid in die tyd vir die matrieks en studente wat eksamen skryf. Bid asof julle nie geleer het en leer asof julle nie gebid het nie. Ernstiger – mag die Here vir julle volharding en insig gee sodat julle goeie rekenskap kan gee van die jaar se harde werk.